**Reeks:** Mites wat ons Miserabel Maak
**Titel:** 'Daars 'n doel met alles'
**Prediker:** Stephan Joubert
**Datum:** 19 Junie 2011

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Hulle sê mens met... mens moet, elke keer as jy na 'n televisieprogram kyk moet jy kyk na die gradering. Deesdae kan 'n mens nie meer na 'n televisieprogram kyk sonder om te weet of daar 'n ouderdomsbeperking is en al die soort van dinge nie. Miskien moet ons dit by preke ook sit.

Nou, ek het al 'n paar graderings op van my preke gehoor. Nou een... so 'n ruk gelede preek ek by 'n plek so 'n paar aande en daar kom so 'n jong outjie na my toe, so 'n outjie soos daardie op die skerm, so 'n driejarige, vierjarige outjie, en hy sê, oom, weet oom wat. Ek sê nee. Hy sê jy het my nog elke aand aan die slaap gepreek.

En nou die dag by 'n ander plek loop ek... toe ek uitstap agter twee ouens en hulle bespreek die preek, en die een ou sê vir die ander ou hy weet ook nou nie eintlik hoekom hulle hierdie ou genooi het om te preek nie, dit was nie so goed nie, toe sê die ander ou, ja, en hy sê weet jy wat was fout met die preek, nou stap ek so nader om te hoor, hy sê, nee wat was fout. Hy sê daar is te min struktuur in daardie ou se preke, en die ou sê, ja, en ek dog ek moet maar amen sê daarop.

Maar in elk geval, as ek iets sou bysit by vanoggend se preek oor hoe jy moet luister dan sou ek graag wou sê, een, miskien het vanoggend se preek die regte vrae op die verkeerde antwoorde, so jy gaan vanoggend dalk meer vrae kry as antwoorde en, tweedens, jy gaan 'n klompie informasie hoor, maar kom ons lees ons teks saam. Ek wil graag saam met jou een van die baie tekste waarna ek gaan verwys wanneer ons praat met mekaar oor die vraag, is daar 'n doel met alles, wil ek graag saam met jou lees uit Job 14. Kom ons lees vanaf vers een.

Job het nog verder gepraat en gesê 'n mens se lewe is kort en vol probleme. Jou lewe is soos 'n blom. Vir 'n kort rukkie is die blom pragtig, maar dit gaan gou dood. Dit is soos 'n wolk wat vir 'n klein rukkie 'n skaduwee gooi en dan is dit skielik weg. Dit is soos 'n brose mens wat U dophou. U het my voor U gedaag om met my af te reken. Niemand kan iets wat skoon en sonder vlekke is laat kom uit iets wat vuil is nie.

U het besluit hoe lank 'n mens moet leef. U weet hoeveel maande ons het om te lewe. U sê waar die grens van ons lewe is, en ons kry nie 'n minuut langer nie. Here, kyk 'n bietjie weg en laat my rus. Gee my 'n kans om soos iemand wat vir 'n dag werk gekry het my lewenstaak klaar af te handel.

As 'n boom afgekap word is die kans goed dat daar weer nuwe lote en takke uit die stomp sal groei. Dit is dalk so dat die boom se wortels al baie oud is. Dit mag ook wees dat die stomp al in die grond begin vrot het, maar as daar water kom kan dit weer soos 'n jong boom groei en nuwe takkies laat uitskiet. As mense doodgaan verloor hulle al hulle krag. As die mens sy laaste asem uitblaas is dit verby. Waar is hulle dan Water verdamp uit 'n meer. In droogtetye droog riviere op. Met mense gaan dit ook net so. Hulle gaan lê en staan net nooit weer op nie. Solank daar nog 'n hemel is sal hulle nie weer wakker word nie. Hulle sal nie weer uit hulle slaap opstaan nie.

Nou, ek het grootgeword met die goue oue: daar is 'n doel met alles, en so 'n paar ander wat hand aan hand daarmee loop, soos wat moet gebeur sal gebeur, as jou strepie getrek is, is dit getrek. Ek het dikwels die woorde gehoor daar is 'n doel met alles. Toe 'n familielid se kind gesterf het en ons almal gewonder het, het my oupa gesê daar is 'n doel met alles. Toe 'n vriend van ons in ons skool daar op die grens doodgeskiet is het die dominee by die kerk gesê daar is 'n doel met alles.

Toe ek as 'n jong leraar in Kempton Park begin werk het en daardie pedofiel Van Rooyen 'n klompie kinders by die skool ontvoer waar my vrou skoolhou het 'n geestelike gekom en vir die skool gesê daar is 'n doel met alles. Nog erger, hy het ook geweet wat die doel is. Hy het geweet die kinders is ontvoer, soos hy gesê het, sodat Kempton Park tot bekering sou kom. Nou, nog steeds is die Oos Rand die Oos Rand, nê.

Ek het egter nooit gehoor dat mense gesê het daar is 'n doel met alles as goeie dinge gebeur nie. Toe my oupagrootjie wat 80 is gesterf het het niemand gesê daar is 'n doel met alles nie; hulle het gesê hy het 'n goeie lewe gehad, en toe my niggies en nefies gebore is en hulle was 100% gesond het niemand gesê daar is 'n doel met alles nie; hulle het gesê kyk net hoe perfek is hulle geskep.


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

So ek het agtergekom mense gebruik graag hierdie uitdrukkings, lyk vir my wanneer dinge buite beheer is, en daarom wil ek graag vanoggend, as ek mag, saam met jou 'n paar vrae daaroor vra en hopelik uit die Bybel uit 'n paar nuwe koersaanduidings gee, en die eerste belangrike ding, hopelik, wat ek met jou wil deel is dat mens partykeer die regte vrae op die verkeerde antwoorde skuld eerder as die verkeerde antwoorde op die verkeerde vrae. Ons skuld mekaar partykeer vrae op die verkeerde antwoorde. As almal sê daar is 'n doel met alles het ek gedink dit staan in die Bybel. Trouens, mense het vir my gesê dis eintlik 'n Bybelse beginsel, en toe kom ek agter, maar min of meer almal sê dit.

Toe ek so 'n bietjie opgegroei het toe sien ek, maar ook die Jode sê dit, en ook die Moslems sê dit. Dit was trouens vir my 'n skok gewees om agter te kom nie-gelowiges sê dit ook, en so onlangs soos nou die dag, op een van my gunsteling televisieprogramme wat ek nou eintlik nie meer gekyk kry nie, want my vrou is nou lief vir so 'n Australiese kookprogrammetjie wat in dieselfde tyd is, ek weet nie hoekom nie, maar sy kyk nou vir die ouens, maar daar is so 'n goeie program op BBC, Deal or No Deal, en al hierdie ouens moet so kies, die van julle wat dit nou ken, wat nou nie na daardie ou kosprogrammetjie kyk nie.

Hulle kies nou so tussen sekere bokse, en dan kies die ouens; hulle neem die besluit, en elke keer as hulle verloor dan sê hulle there is a purpose to everything in life, en ek dink, my wêreld, hulle het dan besluit, maar as dit verkeerd loop dan is daar een of ander kosmiese doel, maar solank mense besluit, maar na die tyd, as dit verkeerd is, dan was daar 'n purpose daarmee, so toe kom ek agter Jode sê dit, Christene sê dit, Moslems sê dit, un-Christians sê dit, en in my voorbereiding so 'n ruk gelede, toe ek met hierdie idee begin werk het, toe gaan lees ek bietjie in Homeros, die ou vader van die moderne westerse wêreld, so sê die meeste ouens, wat aan die einde van die agtste eeu al in sy groot Oddesya skrywe dat daar is 'n doel met alles.

Trouens, daar is twee gode, of godinne liewers, wat alles beheer. Die een se naam is Tigé. Sy is die godin van die nootlot, so as iets gebeur dan sê hy daar is 'n doel want Tigé het dit veroorsaak, of die groot godin van die dood, Moirae, in Engels sou mens kon gesê het... hulle vertaal gewoonlik Moirae die is een wat fate bestuur en Tigé is die een wat chance bestuur, maar selfs agt eeue voor Christus was dit al aan die order van die dag, en toe kom ek agter dis nie 'n Christelike ding nie. Dis trouens nie eers 'n Bybelse ding nie, dis trouens nie eers 'n religieuse ding nie, dis eintlik 'n ou Griekse ding, en toe verstaan ek die eerste keer 'n professor van my wat nog vir my eenkeer op universiteit gesê het alle probleme in die kerk moet jy terugvat na die Grieke toe.

Ek het gedog dit is ander ouens, maar nou hoor ek dis die Grieke, toe verstaan ek, dit kom al daar uit Homeros se tyd uit, agt eeue... die einde van die agtste eeu voor Christus, en toe sê iemand vir my, nee, maar dit staan in die Bybel, Job 14 sê dit, en ons het nou gehoor hier in Job 14:5 God het vir mense hulle lewensdae getrek, en as jou dae getel is is dit getel. As jou strepie getrek is is hy getrek, en as jy doodgaan en jy weet nie hoekom nie dan was daar 'n doel.

En toe het ek al hierdie tekste gaan lees, en ek vat net hierdie een vanoggend, hierdie Job 14, wat die ouens sê maar sê nou maar Job sê dan jou lewensdae is getel, maar as jy daardie teks reg gaan lees, weet jy wat, sê Job dit nie. Trouens, hy is besig om eintlik hierdie teks te gebruik om vir die Here te sê, Here, weet U wat, dit gaan met bome beter as ons as mense.

Wanneer 'n mens doodgaan is hy gone, weg, jy sien hom nooit weer nie, maar 'n boom: gooi net water op 'n dooie boom en hulle loop weer uit. Kyk 'n bietjie, hulle gaan dood, maar hulle groei weer uit, so selfs die natuur, selfs 'n plant, selfs 'n bossie, selfs 'n boom is beter as 'n mens. Ons dae is getel. Hulle dae is ook getel, maar hulle kry elke keer nog 'n kans om uit te loop en weer te groei, so Job is nie besig om saam met my oupa te sê, my kind, daar is 'n doel met alles, nie. Hy is besig om te sê, ouens, dis sleg dat as 'n mens doodgaan is jy weg, so dit lyk vir my dit is nie so 'n Christelike ding soos wat ek gedink het nie om te sê daar is 'n doel met alles nie. Dis ook nie so 'n Bybelse ding nie.

Tweede ding, tweede ding wat ek graag met jou wil deel, en dit vat ons bietjie nou na God toe, God is nie 'n kompetisie vir Google nie. God is nie in die vraag en antwoord besigheid nie. Jy ken Google, nê? As jy Google nie ken nie, ek weet nie wat om dan te sê vanoggend nie, maar vind uit by iemand wat weet wat is Google, maar jy sal weet Google is die wêreld se grootste soekenjin op die internet, en Google beroem hulle daarop dat hulle vir jou in... jy kan altyd kyk as jy 'n soektoggie doen op Google en jy tik jou soek in, en hulle kan vir jou altyd vêr onder 'n sekonde vir jou kry wat jy wil hê: 0.001.


© 2011 Mosaïek

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

God kompeteer nie met Google... Hy is nie in die Q&A besigheid, in die vraag en antwoord besigheid nie, en raai wat, die Grieke het dit begin. My professor was reg; die Grieke het dit begin, want êrens het hierdie ding in ons siele vasgeslaan dat God in die vraag en antwoord besigheid is. Gaan jy na die ou godsdienste toe van die Grieke en die omringende volke rondom Israel, dan was daar orakels en kultusse. Nou, 'n orakel is 'n plek waar 'n profeet gesit het, dan gaan jy na daardie profeet of profetes toe en jy vra wat is die gode se wil.

Daar by Delphi in Griekeland was daar so 'n plek waar die god Apollo aanbid is, en dan gaan vra jy die profetesse, en hulle praat met die god, en dan kom hulle terug en dan hulle sê die god se wil is jy moet oorlog maak of jy moet nie oorlog maak nie, of daar is 'n kultus waar een of ander god aanbid word, en daar is priesters, en jy gaan vra vir die priesters, en hulle het allerlei dinge hoe hulle die gode se wil kry, en dan kom sê hulle vir jou, so die totale godsdiens, die totale geskiedenis waarvan jy en ek deel is, werk met die konsep dat die gode in die vraag en antwoord besigheid is. Jy het 'n vraag; hulle het 'n antwoord.

Jy moet net lank genoeg soek, genoeg geld gee, genoeg offers, en raai wat het gebeur, dikwels, met die Christendom. Gebed en die Bybel het in die groot vraag en antwoord besigheid ingeval. Baie mense wat bid, klink dit vir my, gebruik gebed net vir vraag en antwoord. Tot tannie Oprah sê dit nou die dag. Ek stap so by haar verby, ek bedoel, by die televisie, en sy sê vir iemand: you must just pray and you'll get answers, en ek dink, my wêreld, tannie Oprah, sy weet ook, en ek hoor die dominee sê dit en die pastoor sê dit. Jy moet net bid dan sal jy antwoorde kry.

Ek onthou ek sit eendag daar in Amerika en ek kyk na hierdie televisie ding, en hier vertel die ou op die televisie as jy geld gee, natuurlik hoe meer dollars jy gee, dan kan hulle vir jou gebedsantwoorde waarborg. As jy nou die $100 transaksietjie vat kan hulle vir jou binne agt uur 'n antwoord hê, maar as jy nou arm is en jy kan 'n 30 dollartjie gooi dan kan hulle vir jou so binne so 'n week vir jou 'n antwoord gee, want dit lyk vir my die ding werk dat gebed is die groot antwoord, jy moet net lank genoeg soek, en weer 'n keer, daar is sulke tekste.

Daar is 'n Matteus 7 wat sê bid en vir jou sal gegee word, maar jy moet daardie teks reg verstaan. God is nie in die consumer besigheid nie, Hy is nie daar dat jy vinnig klop by die hemel se deur en in 0.001 sekondes het jy 'n antwoord as jy nou 'n groot bidder is nie. Soos iemand nou die dag vir my gesê het, jy weet, hy dink gebed is soos om in 'n ry te staan, en sy probleem is Rick Warren druk elke keer voor in. Wat maak jy dan? Maar God is nie in die Q&A nie, Hy is nie in die vraag en antwoord besigheid nie, en dieselfde met die Bybel, vriende, God se Bybel is nie bedoel... die Woord is nie bedoel om om elke hoek en draai 'n antwoord te hê nie.

Ek ken so baie ouens wat die Bybel gebruik, dan sê hulle, nee, hulle het nou skrif gekry, bedoelende hulle het sulke beloftes, en ek het so grootgeword. Ons het sulke boksies gehad waaruit jy sulke Bybelversies kon uittrek, ek weet nie of julle dit ook gehad het nie, dan het jy die beloftes, dan staan jy op die beloftes, maar ek het nog nooit iemand gesien wat op... wat op God se oordeel staan nie, maar hulle staan altyd op sy beloftes, so ons het sulke buikspreek teksies van die Bybel gemaak.

Jy slaan so die Bybel oop en dan kry jy 'n teksie, en dan gaan God vir jou nou daarmee help, en dan sê die ouens, nee, hulle het skrif gekry, maar ek het nog nooit iemand skrif hoor kry oor 'n teks soos Prediker 8... of Prediker 3 en Prediker 8 nie. Hoor net bietjie wat sê die prediker in Prediker 3. Hy skryf in Prediker 3:11, hy sê tog kan 'n mens die werk van God van begin tot einde nie begryp nie.

Prediker sê ek weier dat God in die vraag en antwoord besigheid is. Ek weier dat God in die doel met alles besigheid is. Jy kan God nie begryp nie. As jy God wil tot 'n prinsiepe maak wat jy kan verstaan, as jy dink God is soos 'n... soos 'n motor se enjin wat jy kan uitsorteer, en jy vra net die regte vraag, jy gooi net die regte geestelike muntstuk in, dan kom die antwoord uit. Jy is verkeerd.

Nog erger, die ouens wat so graag tekste kry en skrif kry, ek het nog nooit gehoor dat iemand skrif gekry het uit Prediker 8:17 nie, maar ek het vanoggend, so hier kom hy: toe het ek al die werk van God begryp, die mens is nie in staat om wat in hierdie wêreld gebeur te verstaan nie. Hoe hy hom ookal inspan en soek, hy kan nie verstaan nie. Al sê die wyse hy weet, hy weet nie, so die prediker sê deal with that. Jy kan God nie verklaar nie, en God is ook nie veronderstel om jou antwoorde te gee nie, en jy is ook nie veronderstel om later te verstaan nie, en daar is ook nie as jou strepie getrek is is hy getrek nie.

Die eerste belangrike ding, dis nie 'n Christelike idee nie en, tweedens, dis nie waarmee God Hom besig hou nie. God sê nie jy gaan later verstaan nie, al het my oupa dit gesê, God stem nie met hom saam nie, en al het my


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

dominee en my pastoor dit gesê, God stem nie met hulle saam nie, en al het dit daardie een keer in 'n miljoen kere vir jou gewerk toe jy die Bybel oopslaan dat jy die regte teks gekry het, terloops, mens noem dit dobbelary want dit werk so een uit 'n miljoen keer, soos dobbel ook, een uit 'n miljoen keer werk, maar jy hoor net van die een ou met wie dit gewerk het, maar jy hoor nie van die 100.000 ouens vir wie dit nie gewerk het nie, maar wanneer jy God uit konteks begin aanhaal en die Skrif verkeerd begin gebruik, dan wil jy graag wegkom met 'n kort ontsnappingsroete.

Miskien is ons probleem wat Voltaire eenkeer gesê het. Voltaire het gesê God het die mens na sy beeld gemaak, en toe het ons die kompliment herhaal deur God in ons beeld te verander. Ons soek 'n God wat vir ons werk, wat ons vrae antwoord, wat vir ons doel in ons lewe gee soos wat ons wil hê.

Miskien is CS Lewis reg in The Problem of Pain as hy sê ons eintlike probleem is dat ons nie 'n Vader in die hemel soek nie, maar 'n oupa in die hemel wat vir ons 'n lekker lewe gee en net uit ons pad uit staan. Kom ons raak vir 'n oomblik stil en ons vra vir onsself of ons eie idees van God nie van God 'n karikatuur gemaak het nie, dat ons nie weer 'n slag moet terugkeer na die ware God van die Bybel toe nie. Kom ons raak stil.

'n Beter roete as om vrae te vra wat God regtig nie vra oor Homself, of wat Hy nie probeer beantwoord oor Homself nie, soos of daar 'n doel met alles is, is om na God se eie handboek te gaan kyk, Sy eie gesaghebbende boek oor Homself. Daarin sê Hy hoe Hy Hom graag wil laat ken, en ek dink miskien help dit my om te sê, maar God laat Hom ken, nie by wyse van 6.7 biljoen bloudrukke nie, maar aan die hand van een wedstrydplan.

God het eintlik net een plan. Hy het eintlik net, ja, as jy wil, een antwoord, en nêrens kry ek dit mooier en duideliker as in Johannes 6: 38 tot 40 nie. Dis eintlik so asemrowend dat God sê, luister, hier is die terme op grond waarvan Ek wil hê julle moet met My in verhouding leef en in interaksie wees.

Hy sê... Jesus sê Ek het van die hemel af gekom, nie om my eie wil te doen nie, maar die wil van Hom wat my gestuur het, en dit is die wil van Hom wat my gestuur het dat almal wat Hy vir my gegee het nie een verlore sal gaan nie, maar dat hulle almal op die laaste dag uit die dood sal opstaan. Dit is die wil van my Vader dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo die ewige lewe sal hê. God is baie duidelik, Hy is op rekord dat Hy eintlik net een wil het, dat Hy net een plan het vir al, as die Time Magazine reg is, 6.7 biljoen mense op aarde, en dit is dat ons in 'n verhouding met Sy Kind, Jesus Christus sal lewe, dat Hy die lewe is.

God het nie 'n bloudruk nie. 'n Bloudruk is dat Hy vir elke mens 'n afsonderlike klein plannetjie, het, en dan moet jy werk met sulke vrae soos daar is 'n doel met alles, en wat moet gebeur sal gebeur, en as jou strepie getrek is is hy getrek en wat alles, en dan gaan jy jou hele lewe lank angstig wees, en dan gaan jy so in God se plan wees en uit. Nou is ek weer in, en nou is die bloudruk weer verkeerd, en dan gaan jy ook altyd... net by die krisisse in jou lewe gaan jy hierdie soort vrae vra, maar God het eintlik net een wil.

En die vierde belangrike ding wat daarmee saam loop, Sy groot wil en Sy wedstrydplan is dat my karakter sal verander. God is nie in die antwoord gee besigheid nie; Hy is in die verhoudings besigheid, as jy wil. God is nie besig om vir ons lewende masjiene te maak en die heeltyd sit Hy en kyk of ons nou opleef aan Sy bloudruk nie.

God het 'n wedstrydplan vir ons elkeen, en Hy wil hê ons moet met ons eie unieke lewe, soos wat Hy ons elkeen uniek gemaak het as Sy hemelse kunswerk, as Sy hemelse hoogtepunt, wil Hy hê moet ons met ons eie lewe by Sy unieke wil inval, naamlik by Jesus, so pleks dat God vir my antwoorde gee sê Hy Ek roep jou tot 'n lewe van geloof. Ek nooi jou uit tot 'n lewe van waagmoed. Ek nooi jou uit tot 'n lewe waar ek jou karakter gaan verander en waar jy in 'n verhouding met My gaan lewe.

My droom vir jou lewe is 'n nuwe verhouding, nie antwoorde nie, 'n nuwe verhouding. My droom vir jou lewe is 'n lewe waar jy my vrede sal ken, waar jy saam met Dawid in Psalm 131 sal sê soos 'n kindjie rus gevind het aan sy moeder se skoot, so het ek rus gevind. My droom vir jou lewe is 1 Tessalonisense 4:3, dat dit My wil is dat jy heilig sal lewe. Dis My plan.

My wil vir jou lewe, 1 Tessalonisense 5:18, is dat jy altyd dankbaar sal wees. My wil vir jou lewe is dat jy sal weet alles werk goed uit vir jou, nie omdat jy antwoorde kry, Romeine 8:26, nie, maar omdat jy dit wat die res van Romeine 8 sê sal waar maak, dat jy nou sal agterkom dat Ek die Here is wat daar is as die son skyn en as die donderweer breek, dat Ek daar is as jy deur 'n diep donker dal moet worstel en as jy langs groen weivelde loop, dat Ek daar is wanneer die dood op die horison is en wanneer lewe in oorvloed is, dat jy agterkom jou lewe gaan nie


**© 2011 Mosaïek**

meer oor die antwoorde nie, maar oor die verhouding met die lewende Christus, die een Christus wat sy lewe gegee het, en wat jou nooi om met jou eie lewe in te val en deel te word van sy lewe.

Nee, God is nie in die vraag en antwoord besigheid nie.  God is in die verhoudings besigheid.  Jesus het nie gesê, in Johannes 14, Ek is die antwoord nie.  Hy het gesê Ek is die weg.  Hy het gesê ek is die waarheid, en waarheid is 'n verhouding.  Dis nie 'n dogmatiek handboek wat jy gou kan oopslaan en sê hier is die antwoord op al jou vrae nie.  Hy het gesê Ek is die weg en die waarheid en die lewe.

Ek bring jou in 'n nuwe verhouding, en as jy dit verstaan, dan begin daar ander vrae en ander antwoorde en ander relasies in jou lewe kom, en ek dink geestelike groei is dit, wanneer ek deur my naïewe vrae breek en my God wat in die vraag en antwoord besigheid is inruil vir 'n lewe van geloof en 'n lewe van verhoudings, want God roep ons inderdaad tot 'n lewe van geloof, en as ek die heeltyd antwoorde het hou geloof op.

Dis mos die doel van vraag en antwoord, dat as ek nou die antwoord het, moet ek nou daardie besigheidstransaksie doen of nie, en ek het nou een of ander teken of skrif gekry hoef ek mos nou nie meer te glo nie.  Ek wonder altyd hoe werk mense so met die Here terwyl God sê Ek nooi jou uit tot 'n lewe van geloof.  Dis waarvoor Ek jou roep, om teen alle hoop in te bly hoop, om teen alles wat jy weet en sien in, die onsienlike te sien, om nie met jou, kan ek maar sê onchristen vrae besig te wees nie, maar met My een wil besig te wees, naamlik met Jesus Christus.

Ja, en Ek het jou uniek gemaak.  Ek het 6.7 biljoen unieke mense, maar ek nooi hulle almal uit om in 'n verhouding met My te wandel sodat Ek hulle kan leer om in geloof te lewe, en sodat hulle karakter kan verander.  As jy dus wil weet in watter besigheid is God, o, Hy is in die verhoudingsbesigheid.  Hy is nie in die Google kompetisie besigheid nie.  As jy dus die regte vrae aan God wil vra dan vra jy, Here, hoe kan ek U verheerlik, en dan sê Hy kom loop saam met Jesus en Ek sal jou leer wat 'n lewe van geloof is, en Ek sal jou leer wat 'n lewe van karaktervormimg is, en Ek sal jou karakter diep vorm.

Hoe hartseer dat ons dikwels meer besorgd is oor vrae en vir ouens antwoorde gee, soos jy sal later verstaan, terwyl God sê jy is nie geroep om te verstaan nie; jy is geroep om te glo.  Jy is geroep om gelukkig te lewe ten spyte van.  Ek nooi jou uit tot 'n nuwe lewe, tot 'n lewe van vryheid, tot 'n lewe van oorvloed, en daarom wil ek afsluit om jou opnuut aan die prediker te herinner, in Prediker 8:17, wat gesê het uiteindelik het ek alles verstaan.

'n Mens is nie in staat wat in hierdie wêreld gebeur te verstaan nie.  Al sê die wyse hy weet; hy weet nie, daarom, Prediker 8:15, ek het vreugde aanbeveel, sê die prediker.  Daar is vir 'n mens niks beter nie as dat hy eet en bly is en onder al sy swaarkry vreugde het.  Dit is wat God vir 'n mens gun in hierdie harde wêreld, hierdie wêreld wat so swaar is.

Nee, God kompeteer nie met Google nie, en as jy gedink het Hy skuld jou antwoorde; Hy doen dit nie.  Hy skuld jou 'n verhouding met Jesus, en Hy nooi jou uit vanoggend om opnuut saam met Jesus die pad te stap, en Hy nooi jou opnuut uit om van Sy lewende brood te eet en Sy lewende water te drink, en Hy nooi jou uit om saam met Paulus te sê nou weet ek dat geen dood of diepte of hoogte of enigiets in die skepping my kan skei van die liefde van God wat daar is in Christus Jesus ons Here nie.  Amen.

Hemelse Vader, ons bid saam met ons sang dat, ja, U vir ons sal lei langs groen weivelde.  Dankie dat U vir ons 'n verhouding met Jesus gee wanneer die son skyn en wanneer ons pyn het, en wanneer ons bloei, en wanneer daar medisyne vir die pyn is, wanneer ons nie weet nie, en wanneer ons worstel.  Leer ons, Here, om nie verkeerde antwoorde te gee nie, maar om van die verhouding met U te gee.  Leer ons om te wandel saam met U.

Dankie dat U 'n Vader is in Christus.  Dankie dat U 'n Herder is, en dankie dat ons niks kortkom nie, en dankie dat U ons vandag oorlaai met U liefde.  In Jesus se naam dank ons U.  Amen.

Mag die Here vir jou 'n geseënde dag gee.  Vrede.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com


**© 2011 Mosaïek**